SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 19 SEPTEMBER 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Dit is met ledwese dat die Durban Amateurradioklub die heengaan van Vic, ZS5UN, moet aankondig. Vic was welbekend aan sy baie vriende op beide HF en BHF. Hy het sy lisensie gedurende die vroeë sestigerjare bekom en was altyd aktief op die HF-bande en het ook op BHF bedrywig geraak toe aktiwiteite daar begin het.

ZS5UN was altyd beskikbaar om sy medeamateurs te help en het aan klubbedrywighede deelgeneem.

Ons innige meegevoel gaan aan Sally en juniors Darren en Charlene, ander familie en vriende. Rus in vrede Vic.

(POUSE)

In die nuus vandag:

RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIE-LESING OP 9 OKTOBER

BELOON PRESTERENDE AMATEURS IN U KLUB

INTEGNET GAAN FOKUS OP APRS

47ste JAMBOREE-ON-THE-AIR

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

'n Paar nuusitems is eers op Vrydagaand ontvang maar aangesien die redakteur aan die BHF/UHF-kompetisie gaan deelneem is hierdie bulletin reeds Vrydagaand gefinaliseer en moet daardie items oorstaan vir volgende week se bulletin.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIE-LESING OP 9 OKTOBER

Die eerste in die reeks van RTA-lesings sal op 9 Oktober in die Nasionale Amateurradiosentrum gehou word. Hal Lund, ZS6WB, sal 'n bespreking lei oor die verskeie nuwe modusse wat besig is om die BHF-en UHF-modusse te verander. Die lesing sal verskeie werkende praktiese demonstrasies insluit.

Alle radioamateurs word uitgenooi om 'n Saterdagoggend te geniet deur die nuwe modusse op BHF te ontdek. Die lesing en demonstrasies sal van 10:00 tot 12:00 duur. Die toegangsfooi, wat by die deur betaalbaar is, is R20 en sluit verversings in.

Om die voorbereidings te vergemaklik, bespreek asb. u plek deur e-pos te stuur aan rta@sarl.org.za.

Besoek ook die SARL se webtuiste nl. www.sarl.org.za vir meer besonderhede. Radiotegnologie-In-Aksie is 'n projek deur die Suid-Afrikaanse Radioliga om die diversiteit wat amateurradio bied uit te brei.

BELOON PRESTERENDE AMATEURS IN U KLUB

Klubs word daaraan herinner dat daar nog net byna twee weke oor is om nominasies in te stuur vir die Radioamateur-van-die-Jaar- en Jong Radioamateur-van-die-Jaar-toekennings. Die toekennnings is gepaste eerbewyse aan die amateurs in u klubs wat waardevolle diens aan amateurradio lewer.

Volledige besonderhede oor die vereistes vir die toekennings verskyn op die webtuiste van die SA Amateurradioontwikkelingstrust nl. www.amateurradio.org.za. Die laaste dag vir die indiening van nominasies is 30 September.

INTEGNET GAAN FOKUS OP APRS

Wêreldruimteweek sal vanaf 4 tot 10 Oktober in Suid-Afrika herdenk word. Dit sal met Integnet om 20:00 op 10 Oktober 'n hoogtepunt bereik met 'n bespreking oor APRS met Bob Bruninga, WB4APR, die vader van APRS.

Klubs word versoek om vroegtydig reëlings te tref om hulle herhalers te koppel en internasionale ruimteweek te vier met 'n opwindende APRS-bespreking. Om 'n koppeling te bespreek, stuur e-pos aan armi@sarl.org.za en meld u klub, herhaler en telefoonnommer wat gekoppel moet word.

47ste JAMBOREE-ON-THE-AIR: JOTA

Let daarop dat hierdie gebeurtenis altyd gedurende die derde volledige naweek van Oktober van elke jaar plaasvind en vanjaar is dit 16 tot 17 Oktober. Dit sluit ook JAMBOREE-on-the INTERNET, JOTI, in.

Weereens word daar 'n toename in die gebruik van IRLP en ECHOLINK deur JOTA-stasies verwag. Alle deelnemende stasies word aangemoedig om die stelsels te gebruik.

Die JOTA "Participation Cards" wat in Geneve gedruk is, het alreeds vir Dave, ZS6AAW, bere ik. Stuur asseblief so gou as moontlik aan hom die naam en posadres van die padvinder of groep vir wie jy 'n stasie sal oprig om julle deel

van hierdie kaarte betyds te kan ontvang. Dave se adresbesonderhede is: Dave Gemmell, ZS6AAW, Posbus 77, Irene, 0062 en Tel 012-6672153 of e-pos davegemmell@bmknet.co.za.

Om JOTA/JOTI te help sorg asseblief dat SARL-kantoor die volgende inligting het:

a) Jou korrekte stasie en persoonlike inligting, veral jou posadres.
b) die "registrasie' van jou persoonlike en/of spesiale geleentheidsroepsein as opvoedkundige stasie.

Let daarop dat dit jou plig as die bediener van 'n JOTA-stasie is om die roepsein as 'n OPVOEDKUNDIGE STASIE met die SARL-kantoor te registreer. Die voordele is tweevoudig:

1) Die "guides, scouts" of ander ongelisensieërde persone op die amateurradiobande mag praat.

2) Besonderhede van alle deelnemende SA stasies sal genoteer word. Hierdie besonderhede is baie waardevol tydens die samestelling van die SA Nasionale JOTA/JOTI-rapport.

Vir die jongste JOTA- en JOTI-inligting, raadpleeg die volgende webwerwe: www.scout.org/jota. of www.scout.org/joti.

Hierdie brokkie nuus kom van Dave Gemmell, ZS6AAW, SA Nasionale JOTA/JOTI-ko-ordineerder.

BHF/UHF-KOMPETISIE

Deelnemers word in kennis gestel dat die vermenigvuldiger vir punte in die 4 m, 70 Mhzband 4 is. Die logstate moet gestuur word aan: John Fielding, Posbus 256, Monteseel MCP, 3670 of per e-pos na johnf@futurenet.co.za.

HULDEBLYK AAN OUTEUR VAN WINPACK EN UI-VIEW

Hier volg die huldeblyk, deur Richard, G4TUT, aan Roger Barker, G41DE, wat die outeur van sagtewareprogramme Winpack en UI-View was, en wie se sleutel op 9 September stil geraak het:

Roger het vir baie jare onvermoeid gewerk om hoëstandaard sagteware vir radioamateurs te verskaf wat hulle in staat stel om gevorderde digitale modusse te bedryf sonder die moeilikhede wat eens met daardie modusse gepaard gegaan het.

Roger se uitstekende pakketradioprogram Winpack is tans wêreldwyd deur tienduisende radioamateurs in gebruik terwyl sy program UI-View nou beskou word as die verwysingstandaard waarteen alle ander APRS-ruitposisioneringsprogramme vergelyk word.

Nadat die sagteware geskryf is, het hy verseker dat dit wyd ondersteun is. Dit is gerapporteer dat hy eenkeer oor die 35 000 kommentaarboodskappe per e-

pos ontvang het. Dit word gesê dat Roger elkeen gelees het en 'n groot aantal beantwoord het.

Uit my persoonlike ondervinding kan ek onthou dat ek 'n aantal jare gelede 'n probleem met die GB7TUTT BBS-sagteware gehad het. Op een of ander manier (en ek weet nie hoe nie) het Roger van hierdie probleem te hore gekom en hy het onmiddelik sy hulp aangebied. Hy het verskeie kere aan die BBS gekoppel en het baie van sy eie tyd spandeer om 'n oplossing te vind. Onnodig om te sê, hy het dit gevind en dit vir my permanent reggestel. As dit nie vir Roger se pogings was nie, sou ek heelwaarskynlik tot vandag toe dieselfde probleem ondervind het. Ek was slegs een van baie honderde persone wat Roger altyd probeer help het wanneer hy kon

As bewys van die hoë agting wat hulle vir hom gehad het, is die "Lifetime Achievement Award" onlangs deur die Tucson Amateur PakketRadio (TAPR) aan hom toegeken vir sy dienste aan digitale kommunikasie - die die eerste toekenning van sy soort ooit gemaak deur TAPR gedurende sy 22-jarige bestaan.

Die naam Roger Barker en die roepsein G41DE sal verseker lank, lank na sy heengaan bly voortbestaan.

Hy was een van die 'ware grotes' van amateurradio en sal erg gemis word.

NUWE KOMITEE VIR MAGALIES RADIOAMATEURKLUB

Magalies Radioamateurklub het sy AJV op 11 September 2004 gehou en die volgende persone gekies om vir die komende jaar op die komitee te dien:

Voorsitter: George Honiball, ZS6NE; O/voorsitter: Pieter Scholtz, ZS6LC; Sekretaris: Andriëtte Nel, ZR6RIE; Tesourier: Nico du Toit, ZR6AFJ; Tegnies: Japie Nel, ZR6JN; Webmeester: Chris Bothma, ZR6MVK; Skakelbeampte: Chris Smit, ZS6FCS; Sosiaal: Jenny Nel, ZR6JWN; Kommunikasiedienste: Marco Nel, ZR6JMN.

Gedurende die vergadering is trofeë toegeken en sertifikate uitgereik aan lede wat gedurende die jaar verdienstelike werk vir die klub en in belang van amateurradio verrig het. Elke oudvoorsitter het ook 'n sertfikaat ontvang ter erkenning van hulle dienste in die verlede.

Graham Hartlett ZS6GJH, sy eggenote Natasha en die voorsitters van Pretoria- en Centurionklubs, met hulle LV's, was eregaste by die buffetete wat na afloop van die vergadering gevolg het om die klub se 40ste verjaarsdag te vier. Die geleentheid is baie goed bygewoon deur o.a. 'n paar stigterslede wat nog in die lewe is. Graham het tydens die AJV die klub d.m.v. 'n kleurskyfievertoning oor die stand van die SARL se sake ingelig en ook die versekering gegee dat dit finansieël goed gaan. Hy het ook amateurs aangemoedig om lede van die SARL te word.

Die SARL bedank die uittredende komitee vir hulle harde werk en wens die nuwe komitee sukses toe met hulle werksaamhede in die jaar wat voorlê.

GESTEELDE APPARAAT - APOLOGIE

In die vorige week is 'n berig telefonies aan die SARL-kantoor gegee ivm. 'n inbraak, ek meen aan die oosrand, waartydens 'n send/ontvanger gesteel is. Die redakteur het versoek dat die besonderhede per e-pos aan Sarlnuus gestuur word vir opname in die bulletin. Iewers het iets verkeerd gegaan en die berig het nooit die redakteur bereik nie. Sarlnuus bied graag sy verskoning aan die persoon wat die verlies gely het. Amateurs word tog versoek om op hul hoede te wees indien 'n stel moontlik onder verdagte omstandighede, soos byv. baie goedkoop aan hulle aangebied word en besonderhede van die verkoper te neem en Sarlnuus in kennis stel.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Kobus, ZS6KOB, is terug na twee weke van aangename ontspanning in Mauritius en rapporteer as volg oor die voortplantingstoestande: Dit is duidelik dat die komende somer reeds sy effek op voortplantingstoestande het. Ten spyte van lae sonvlekgatalle was daar goeie openinge oor die afgelope aantal dae- en die bande bly ook later oop. Selfs op die langpad na die VSA was daar goeie toestande. Oor die algemeen was DX-toestande nie baie goed nie. Selfs op 40 m was geruisvlakke by tye baie hoog- ander tye weer uitstekend. Die sonvlekgetal was op Donderdag 60,6. Dit het vanaf die 8ste September begin daal en sal na verwagting bly daal tot 'n volgende hoogtepunt om en by einde September. Dit was slegs 10 op die 1ste, maar het daarna vinnig gestyg. Sonwinde het tussen 542 en 677 km/sek gevarieer- hoofsaaklik as gevolg van die invloei van baie vinnige strome van koronamassa tussen 14 en 14 September. Geen noemenswaardige korona-openinge word vir die volgende paar dae voorsien nie. Die huidige sonaktiewe areas op die son is bitter min. Die voorspelde gemiddelde sonvlekgetal vir September word op 34,2 geskat- teenoor die 59,6 van September 2003.

DAGBOEK VAN GEBEURE EN HERINNERINGS

25 September: SAATI AJV en bring-en-braai om 12:00. Laat asseblief vir Richard, ZR6CK, by 012-333-0612 of Ams, ZS6YV, by 012-664-3629 weet as u beplan om die vergadering by te woon; 30 September: Sluitingsdatum vir nominasies vir die Radioamateur van die Jaar Toekennings; 2 Oktober: Vlooimark by die Oos-Rand Radioklub; 7 Oktober: Tweede been van die SARL 80-meter QSO-geselligheid; 9 Oktober: RTA-lesing oor nuwe BHF-modusse by die NARS; 10 Oktober: Integnet; Bydraes tot die fonds van die Suid-Afrikaanse Amateur Ontwikkelingstrust vir die SARL se IARU-lidmaatskap is steeds welkom; Stuur artikels vir Radio ZS aan radiozs@sarl.org.za. Stuur asb. A5-grootte selfgeadresseerde koeverte met posseëls genoeg vir 200 g (R4,35) aan die NARS ten einde aflewering van u QSL-kaarte moontlik te maak.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees deur …….. vanuit …….. as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX